



PAARL-SKOOL

NUUSBRIEF 2/2025



PAARL SCHOOL

NEWSLETTER 2/2025

Ek dra hierdie nuusbrief op aan mnr. E.R. Barker, Paarl-skool se eerste skoolhoof, wat op 4 Junie 2025 in die ouderdom van 91 jaar oorlede is.

15 Januarie 1934 – 4 Junie 2025

Paarl-skool betreur die afsterwe van



MNR. ELLIS BARKER

Eerste skoolhoof van Paarl-skool vanaf 1978 - 1995.
'n Formidabele man wat diep spore getrap het en Paarl-skool as baken van hoop vir die gestremde leerder geskep het. 'n Man met onkreukbare integriteit en 'n diep empatie vir sy medemens. Ons eer sy nagedagtenis en dra sy geliefdes op aan ons Hemelse Vader wat hulle sal vertroos.

In 'n historiese oorsig met Paarl-skool se 21ste verjaarsdag het mnr. Barker in 1999 geskryf: "Wanneer mylpale soos 5 jaar, 10 jaar of die einde van 'n loopbaan bereik is, neig mens altyd om terug te kyk. Dan dink ons dadelik aan die skool se doel en strewe naamlik om die kinders wat aan ons toevertrou is te huisves, te versorg, geestelik weerbaar te maak en om na hul onderwys en opvoeding om te sien."

Die onthou van Paarl-skool se geskiedenis is een ding, maar die nalatenskap wat voortleef in personeel en leerders se lewens en waardes, idees en gewoontes wat hier gevestig is, is dit wat regtig saakmaak, ongeag of jy 40 jaar gelede in die skool was of tans in Paarl-skool is.

Die afgelope kwartaal se aktiwiteite, wat in dié nuusbrief reflekteer, is weer eens 'n bewys van die holistiese benadering wat ons volg om *onderwys en opvoeding* aan ons leerders te bied en om hul *geestelik weerbaar* te maak en dat ons te alle tye ons skool se waardes (respek, omgee, verantwoordelikheid en moed) uitleef.

— “ —
Your legacy is every life you have touched.
— Maya Angelou —

Ek is dankbaar vir:

- mnr. Barker, wie se baanbrekersleierskap die vroeë visie en missie van Paarl-skool gevorm het;
- al die daaropvolgende skoolhoofde en personeellede wat oor die jare heen verdere bydraes gelewer het;
- elke huidige personeellid wat 'n bydrae lewer, ongeag van watter aard. Dankie dat jul ons leerders se lewens aanraak en sodoende 'n nalatenskap laat; en
- ons Hemelse Vader se groot genade en seën oor Paarl-skool.

Skep mooi herinneringe saam met u kinders gedurende die vakansie – dit is ook 'n vorm van 'n nalatenskap. Geniet dit!

Seënwense

Anneline

Anneline Norman

Veel meer as 'n skool / More than a school



Waarde
van die kwartaal

Verantwoordelikheid

Verantwoordelikheid beteken dat jy die dinge doen wat jy veronderstel is om te doen en die gevolge van jou daad aanvaar.

'n Verantwoordelikheid: iets wat van jou verwag word om te doen.

Om verantwoordelik te wees: om te doen wat jy veronderstel is om te doen.

Aanvaar verantwoordelikheid: om die lof of die skuld vir iets wat jy gedoen het, te neem.

Prefekte



Gabriella Bekker



Rethabile Njengele



Hoofleiers

TWEEDE KWARTAAL

TROTS
op julle!

Die prefekte het twee uitreike hierdie kwartaal gehad. Hulle het Paarl-skool se twee getroue verpleegsters op Verpleegstersdag verras met 'n klein blykie van waardering vir alles wat hulle vir ons leerders doen en beteken. Op 28 Mei het ons geliefde skoolhoof, mev. Annaline Norman, verjaar. Die prefekte het weer eens ingespring en skelmpies haar kantoor opgekikker met pienk ballonne, "streamers" en natuurlik kolwyntjies in elke kleur. Twee leerders, uit elke fase, het saam met haar, gedurende pouse, partytjie gehou.



Landsdiens

Hierdie kwartaal het ons Landsdiens-leerders aan verskeie prettige aktiwiteite deelgeneem. Ons het begin met 'n besige Laerskool-dagkamp vol speletjies, 'n paaseier-soektog en het nuwe vriendskappe gesmee. Leerders het ook hul kreatiwiteit gewys deur keramiek-"coasters" vir Moedersdag te verf tydens ons Kuns-en-handvaardigheidsdag. Die kwartaal is afgesluit met 'n gesinsmini-gholfdag.



Biblioteek

Wêreldboekedag

Op 25 April het ons Wêreldboekedag gevier met die tema: "Trek aan soos jou gunsteling boekkarakter". Opvoeders en leerders het met entoesiasme en kreatiwiteit deelgeneem. 'n Spesiale dankie aan die Intermediêre Fase-opvoeders vir die mooi boodskap wat hulle tydens die saalopening gedeel het. Die boodskap het net weer bewys hoe baie 'n mens uit 'n boek kan leer.



"The Quest"

'n Hoogtepunt was "The Quest" – 'n Algemene kennis-spel vir Intermediêre en Senior Fase-leerders. Die leerders was baie kompetend en hulle het net weer bewys hoe slim hulle is! Geluk aan die Graad 7A-klas en hulle opvoeder, Nadia Pretorius, wat die winners van "The Quest" 2025 is!



Kultuur

"Shakespeare School Festival"

Dit was met trots dat Paarl-skool deelgeneem het aan die 15de jaarlikse *Shakespeare School Festival* – ons heel eerste optrede by hierdie prestige-geleentheid. Dit was 'n onvergeetlike ervaring vir ons leerders, wat die besondere voorreg gehad het om op te tree op die verhoog van die *Homecoming Theater* in Kaapstad. Ons deelname het wyd aandag geniet, met verskeie media-insette wat die inspirerende vertonings van leerders met fisiese gestremdhede uitgelig het. Daar is ook gefokus op die belangrike aanpassings wat gemaak is om te verseker dat die fees inklusief en toeganklik vir almal is. Dit was 'n ware oomblik van trots vir ons hele skoolgemeenskap.

[Lees die artikel deur Ashraf Hendricks hier.](#)



Koor


Die koor is tans besig om aan die *South African Schools Choral Eisteddfod* (SASCE) deel te neem. Gedurende April het hulle die eerste plek behaal in die distrik-rondte, waarna hulle deur is na die Wes-Kaapse Provinsiale rondte. Ons kan met trots sê dat ons koor die Wes-Kaap Provinsiale rondte gewen het in die afdeling vir spesiale skole en sodoende kwalifiseer om vir die derde agtereenvolgende jaar aan die Nasionale rondte deel te neem in Randburg gedurende die Julie-vakansie. Baie sterkte aan ons koor!



Storieskip

Ons leerders is bederf met 'n heerlike, pittige en baie vermaaklike opvoering, deur die toneelgeselskap, *Storieskip*. Klein en groot het dit baie geniet en die gelag, vir al Koning Kromtoon se doen en lates, het deur die gange getrek.





Sport

Atletiek

Tatum Steiner, Lee-Shay Meyer, Francois Roux, Kiara Swart, Jamé Nel en Qunie Hendricks het gedurende April die Wes-Kaap by die Suid-Afrikaanse Hoërskool en LSOB-Kampioenskappe in Bloemfontein verteenwoordig. Dis die eerste keer wat die span gevlieg het en daar was groot opgewondenheid. Ronel van Dijk (Wes-Kaapse Skole-atletiekbestuur) was ook saam as ondersteuning vir die LSOB-leerders.



Baie geluk aan Lee-Shay Meyer wat twee silwer medaljes verower het vir hoogspring en 200m; Francois Roux en Jamé Nel het beide silwer medaljes verower in gewigstoot.



Wes-Kaap LSOB is vir die derde agtereenvolgende jaar aangewys as die Suid-Afrikaanse kampioene! Voorwaar 'n prestasie om op trots te wees. Al die medalje-wenners en SA-rekordhouers is ook vereër by 'n spesiale geleentheid in die Paarl.

Para-sport

Ilse du Plessis het tydens die Boccia-kompetisie by die Toyota SASAPD nasionale kampioenskappe in Gqeberha 'n silwer medalje verwerf in die BC1 dames individuele spel.



Landloop

Die landloopseisoen het aan die begin van die tweede kwartaal afgeskop en die eerste vyf ligawedlope is gedurende hierdie tyd by verskeie skole aangebied. Paarl-skool se landlopers moes volhard in uiteenlopende weerstoestande, insluitende reën, digte mis en yskoue temperature. Hulle oefen 07:00 in die oggende met groot toewyding om fiks te bly en hul tye en posisies te verbeter. Ons is uiters trots op ons landlopers vir hul deursettingsvermoë en die trots waarmee hulle die skool verteenwoordig.



Buite sport

Ons is trots op ons leerders wat in sportsoorte presteer wat nie deur Paarl-skool aangebied word nie. Betty Anderson is deel van die o/16B-hokkiespan van Brackenfell Hoërskool. Sy het al in 'n paar wedstryde die wendoele aangeteken en is ook al aangewys as speler van 'n wedstryd.



Megan de Jager het 'n goue medalje verower vir vlak 5-gimnastiek. Sy is deel van die Eversdalgimnastiekklub en het gekwalifiseer om in Augustus aan die distriksproewe deel te neem.



Zoë Ball is deel van die Westelike Provinsie se stoeispan. Sy het 'n silwer medalje verower in die "WW-president junior category."

Koshuis

Ons verwelkom vir Ronel Nel as ons nuwe senior huishoudingstoestighouer van die koshuis.



Nuus uit die fases

Voorskoolse Fase

Dit was 'n voorreg om te sien hoe ons Voorskoolse Fase-leerders die afgelope kwartaal ontwikkel en gegroei het. Daar is heerlik gelag en gespeel en daarmee saam het waardevolle leer plaasgevind. Op 21 Mei het ons ons jaarlikse Oupa- en Oumadag gehou en dit was 'n reuse sukses! Die tema was "Plaas", wat perfek by ons tema van daardie week aangesluit het. Die Voorskoolse Fase het ook 'n opwindende uitstappie na Bugz Playpark onderneem. Die leerders was verskriklik opgewonde en het elke oomblik ten volle geniet! Dit was 'n kwartaal propvol pret! Baie dankie aan ons assistente wat ons kinders met soveel sorg en liefde versorg!



Grondslagfase

Dit was 'n propvol kwartaal gevul met pret, lag en nuwe ervarings vir die leerders, klasassistenten en onderwysers. Met groot afwagting en opgewondenheid het die Grondslagfase die geleentheid gehad om Die Woordedief-produksie by die Kunstekaap Teater te gaan kyk. Dit was 'n belewenis en 'n wonderlike kulturele ervaring vir ons jong leerders. Ons het ook die 100ste verjaardag van Afrikaans gevier deur 'n towervertoning, aangebied deur ons eie Grondslagfase onderwysers. Die leerders het hul gunsteling Afrikaanse woorde gebruik om die Towerboek se prentjies terug te kry! Kliek op die foto om na 'n deel van die vertoning te kyk.



Ligte, Kameras, AKSIE! Die Grondslagfase het 'n video gemaak oor positiewe gedrag. Die leerders het fantastiese werk gedoen en ons is so trots op elkeen van hulle en hul bydrae tot die video. Kliek op die kamera om na die video te kyk.



Funksionele Fase


Die leerders van FF3E het besluit om die klein tuin voor hul klaskamervenster op te knap. Gewapen met geverfde, ou bande, saailinge en baie entoesiasme het hulle as 'n span gewerk om 'n eens vaal bedding in 'n vrolike ruimte te verander wat glimlagte, op almal wat verbystap, se gesigte bring. Spanwerk het die droom laat realiseer!



Intermediêre Fase

"Om in die Intermediêre Fase te leer is pret," sê hulle.

Want... met Smarties wat breuke verduidelik, het ons getel, gesorteer, pret gehad én geleer dat wiskunde vir almal kan wees. Met helder vuurhoutjies en Lego-blokkies het ons interessante geometriese patrone gebou – 'n mengsel van nuut en oud.



In kuns het ons gewys dat almal kan deelneem deur verskillende maniere te gebruik om lyne te teken. Dit maak nie saak hoe jy beweeg of ontwerp nie – met kleure, vorms, patrone of iets nuuts – wys jy jou kreatiewe self aan die wêreld!

Veels geluk aan Tiaan en Cornél Koch met die geboorte van hul baba, Bjorn!



Van wiskunde en tale tot kuns het ons op baie maniere geleer, gewerk, gespeel en gelag. Ons sluit hierdie kwartaal af met 'n groot gelukwensing aan almal vir hul entoesiastiese deelname.

Senior Fase

In die Senior Fase het ons hierdie kwartaal met 'n wilde spoed begin, ten spyte van die onderbrekings van die langnaweke en bonusvakansie (wat ons ook natuurlik baie geniet het). Ons het deelgeneem aan 'n paar sosiale aktiwiteite soos Boekedag, Storieskip en van ons leerders het aan die koorkompetisie deelgeneem. Ons het Afrikaans se 100ste verjaardag gevier deur ons gunsteling Afrikaanse woorde met mekaar te deel. Leerders is ook blootgestel aan taalspeletjies. Die fokus van die taalspeletjies is uitbreiding van woordeskat, woordvorming sowel as ontwikkeling van kreatiewe denke. In natuurwetenskappe het leerders digtheids-eksperimente gedoen. Leerders het goed voorberei vir die eksamen en ons vertrou dat elke leerder sy/haar beste gee het.

Ons het ook 'n besoeker gehad, wat ons vreeslik beïndruk het en wat sommer aangewys is om 'n skoolhoof-toekenning te ontvang. Baie geluk, Gordy!



Werksvoorbereiding

Die werksvoorbereidingsleerders word deurlopend blootgestel aan verskillende vaardighede en werksgeleenthede om hulle voor te berei vir die werksomgewing. In ons vaardigheidsklas leer ons verskeie vaardighede en die leerders besoek ook weekliks werksinkels en ander werksomgewings. Die afgelope kwartaal was ons baie besig. Ons leerders het die kwartaallikse koffiewinkel aangebied, herwinning gedoen en ook gebak-en-brou. Hulle het ook 'n vertrek in die skool geverf. Van die voorbereiding vir die verfprojek, tot die finale afronding was groot pret.



Ter nagedagtenis

Dit is met diepe hartseer dat ons die afsterwe van twee van ons leerders deel. Jade Matshaya (FF3E) op 7 Junie en Aloshay Arendse (Gr. 9A) op 17 Junie 2025. Ons innige meegevoel gaan aan hulle families, vriende en klasmaats in hierdie baie moeilike tyd.



Jade se lig en
lag het almal
wat haar geken
het, geraak. Sy
was 'n baie
spesiale
dogtertjie.

Aloshay jy was so 'n
dapper vegter en
altyd vol moed.
Ons gaan jou
pragtige glimlag en
teenwoordigheid in
die gange mis.



Gedig geskryf deur Aloshay Arendse

Ek loop soms 'n donker pad en ek stap dit sonder
vrees, want al het ek angs in my, het ek 'n boek
met stories wat ek lees,

"ek het jou geskape en ek sal jou genees."

Deur die geluide van hospitaal masjiene en naalde,
'n hospitaal lawaai, is daar 'n eindelose gevra van
Drs. vir nog net een buisie bloed vir dié en
nog een drip vir dááí,

is Hy die een by wie ek al my swaarkry aflaaï.

Ek hardloop soms in roosvelde, iemand weet
waarheen ek gaan as hulle my aan die slaap maak
en my hospitaalbed stoot
in die teater se koue lang gang.

Maar min weet hulle in daardie tyd speel ek in
sonskyn, ek sing 'n gesang van lof met 'n kalmte in
my gees, want ek het 'n boek wat ek lees

"ek is jou vader, hoekom sal jy vrees."

Omring met blou frokkies kyk hulle my heel verras
aan as ek wakker skrik uit my stryd.

Hulle sê ek het sterk gemoed en bakleiende gees,
hulle vra my met bekommernis "is jy okay?"

My stilte maak hulle bekommerd, want hulle
verwag my vrees om te oorheers.

Maar min weet hulle in my hart sing ek 'n gesang en
in my hand hou ek 'n boek wat ek lees.

"Ek het jou geskape my kind en ek sal jou genees."

Professionele Ontwikkeling

Die KS-personeel het hierdie kwartaal opleiding ontvang deur saam na 'n video-aanbieding te kyk, gelei deur Esmé Tucker. Die aanbiedings het gefokus op leierskapsontwikkeling en is aangebied by die Global Leadership Summit in 2024. Die sprekers was Kindra Hall, met die onderwerp: "Goeie storievertelling is 'n kritieke deel van suksesvolle leierskap" en Dan Owolabi met "Die Nalatenskap van Leierskap". Ons het ook waardevolle opleiding ontvang van mnr. Fabian Meintjies van die Diensvoordele afdeling van die WKOD oor die verlofbedeling.




Kindra Hall



Dan Owolabi



Melinda Wiese



Die nie-KS-personeel het opleiding ontvang oor die verlofbedeling. Mirna van Wyk, ons sielkundige van die IO-span, het opleiding verskaf oor Professionalisme en Selfsorg. Melinda Wiese, maatskaplike werkster van die Metropool-Oos Distrik het 'n aanbieding gedoen oor "Stop Misbruik" gedurende Kinderbeskermingsweek.

Nasionale Onderwystoekennings

Paarl-skool is baie trots op ons kollegas wat genomineer is vir die Nasionale Onderwystoekennings vir 2025. Annaline Norman is genomineer in die kategorie: Uitnemendheid in Leierskap in Skole vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes en op 19 Junie by 'n glansgeleentheid aangewys as die distrikswenner in haar kategorie. Patricia van Rooyen en Chantelle Carstens is genomineer in die kategorie: Uitnemendheid in Onderrig vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoeftes. Chantelle Carstens is aangewys as die distrikswenner in hierdie kategorie en Patricia van Rooyen as tweede naaswenner. Baie geluk met hierdie ongelooflike prestasie en sterkte met die proses verder.



Annaline Norman



Chantelle Carstens



Patricia van Rooyen

Ondersteuningspan

Terapeute reik uit

Die terapeute se eerste uitreik na Watsonia Primêr was om Wêreld Speeldag op 28 Mei te vier. Hulle het 4 speletjies beplan met uitstekende terapeutiese waarde en heerlijk gaan speel met 130 voorskoolse leerders. Die belangrikheid van spel in normale ontwikkeling is beklemtoon en ook dat speel 'n kind se werk is! Speel is die natuur se manier om optimale breinbedrading te verseker. Die leerders het dit baie geniet en is ook aan die einde bederf met NikNaks en lekkergoed.

[Klik om te sien
hoe ons speel](#)



Ons groet...

Zelda de Villiers Leerondersteuner

Ons is dankbaar dat jy waargeneem het as leerondersteuner vir net meer as 'n jaar. Geniet die vryheid van aftrede en al die lekker dinge wat jy beplan.



PSOS

Paarl-skool Ontwikkelingstigting

- **Wie is ons?**
Die Paarl-skool Ontwikkelingstigting is 'n nie-winsgewende geregistreerde organisasie.
- **Wat doen ons?**
Die PSOS ondersteun die skool finansieel. Dit verhoog ook bewustheid oor die skool se behoeftes en die uitdagings van kinders met gestremdhede. Die PSOS dien dus as 'n brug tussen weldoeners en die skool, wat dit vir almal maklik maak om te help.
- **Hoekom doen ons dit?**
Paarl-skool is grootliks afhanklik van die ruimhartigheid van korporatiewe donateurs, besighede en die gemeenskap om aan sy behoeftes te voldoen.

Wynveiling

Ons wynveiling op 28 Mei by Eensgezind was soos altyd ons suksesvolste fondsinsamelingsgeleentheid. Ses-en-twintig tafels vol gaste, vyftig lotte wat bestaan uit spogwyne van die omgewing en mnr. Tiny van Rensburg as afslaer het gesorg vir baie opwinding. Baie dankie aan elke gas, donateur en rolspeeler wat die aand 'n sukses gemaak het.



"Slave Route Challenge"

Paarl-skool personeel en vriende het op 1 Junie die Slave Route Challenge in Kaapstad aangepak om bewustheid vir Paarl-skool te skep en fondse d.m.v. 'n BackaBuddy-veldtog in te samel. Dit was 'n heerlike geleentheid en almal het dit baie geniet. Danksy u ondersteuning, is ons teikenbedrag van R30 000 hiermee ingesamel.




Loslitdag

Loslitdag, die Nasionale Raad vir persone met gestremdhede se fondsinsamelings- en bewustheidsveldtog is hierdie jaar op Vrydag, 5 September. Die tema vir 2025 is: "Beyond the Label" wat fokus op die erkenning van die inherente waarde, waardigheid en uniekheid van alle mense, ongeag hul vermoëns. Vir elke plakker via Paarl-skool verkoop, ontvang ons 'n gedeelte van die fondse ingesamel. Skole en besighede wat vir Paarl-skool met hierdie projek wil ondersteun, kan ons kontak by ontwikkeling@paarlskool.org.za.

MEMO

Korporatiewe donasies

Die PSOS is 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan hiervoor uitgereik word. Laat weet ons gerus van enige nuwe kontakte hiervoor.



Sosiale media

Volg ons op **Facebook** en **Instagram** vir interessante Paarl-skoolstories, nuusbrokkies asook waardevolle en nuttige inligting.

Kliek op die logo's om te volg.

Lojaliteitsprojekte

Baie dankie aan diegene wat Paarl-skool alreeds ondersteun met **SchoolDays** (DisChem) en **MySchool** (Woolworths) kaarte. Maak gerus vir Paarl-skool - Brackenfell u begunstigde indien u nog nie het nie en laat waai met die "swipes"! Baie dankie, Schooldays en MySchool, vir die maandelikse donasies wat Paarl-skool van u ontvang.

Kliek op die kaarte om te registreer.



Met hierdie projek kan goeiehartige mense onderneem om elke maand R100 vir een jaar te skenk. Die fondse help dat Paarl-skoolleerders broodnodige dienste en sorg kan ontvang. Kontak asseblief die PSOS-kantoor vir meer inligting.


Pick-a-Pearl



Met hierdie projek kan instansies spesifieke behoeftige leerders se skoolfonds, busgeld of koshuisgeld borg. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan ook hiervoor uitgereik word.

Doppies vir herwinning

Stuur u (skoon) plastiekdoppies skool toe - ons verdien 'n lekker geldjie hiermee!




Kontakbesonderhede

Webwerf

Besoek die Paarl-skool Ontwikkelingstigting se webwerf!

<https://www.paarlschooldf.com/>



Martie Wilmot:

ontwikkeling@paarlskool.org.za

Elizbè van der Colff:

psos@paarlskool.org.za



021 981 3756



071 972 2967

Paarl Skool School

Ontwikkelingstigting
Development Foundation

